

1 Desember

Skrifgedeelte: Genesis 17:1-8
Fokusgedeelte: Genesis 17:7

Waarborge vir God se kinders in hierdie wêreld

In hierdie onseker wêreld waarin 'n mens nie weet wat môre sal bring nie, kan ons by God geborge voel. God dui Hom aan as die Almagtige en gee daarmee die waarborg vir die geborgenheid. Dit veronderstel 'n lewe van opregtheid by die gelowiges. Daar is 'n innige verbondenheid tussen Hom en die gelowiges.

Die verbondenheid is vasgelê in 'n verbond, 'n ooreenkoms waarvan God self die waarborg is. Daarom is dit blywend. Niks kan dit breek nie. In die moeilikste omstandighede kan jy op God bly vertrou, selfs ook as jy voel dat jy dit nie werd is nie en dat jou wêreld inmekaar wil tuimel. God oorbrug die grootste probleme: die kloof tussen Hom en die gelowiges as sondige mense en die kloof tussen sy verbondsvolk en die ongelowiges.

Daarvoor het Jesus Christus na hierdie wêreld toe gekom. Hy het met sy lewe en sterwe vir onverdienstelike sondaars die skeiding weggeneem. Hy weet almal is eintlik maar vreemdelinge in hierdie wêreld, almal is vreemdelinge voor God, almal het behoefte aan verlossing en vrede. Jesus Christus het gekom sodat ons almal weer kinders van God kan word en Hom as ons Vader kan aanbid.

Die beloofde land was die simbool van tuisdom en tuiswees by God. Nou is dit nie net meer Israel wat daarin deel nie, maar ook ons, deel van die ander nasies. Al is ons vreemdelinge, het ons deel aan die hele aarde en het ons 'n taak teenoor dié wat nog volle vreemdelinge is. As die Heilige Gees die drang in mens wek om God as "ons God" aan te spreek, dan is daar ook die drang om die ander daarby in te trek. Ook hulle moet as kinders van God leef en Hom eer.

Sing: Psalm 33:11 (1936)

Prof. J.L. Helberg (Emeritus)